HIERDIE DOKUMENT IS BELANGRIK EN VERG U ONMIDDELLIKE AANDAG

Welkom Yizani Beleggings Beperk

Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika
Registrasienommer 2006/021434/06
("Welkom Yizani")

OMSENDBRIEF AAN WELKOM YIZANI-AANDEELHOUERS

Die omskrywings en vertolkings wat op bladsy 3 van hierdie Omsendbrief begin, is op hierdie inleidingsbladsy en hierdie hele dokument van toepassing.

As gevolg van die ekonomiese resessie in Suid-Afrika, ervaar die drukmediabedryf tans moeilike handelstoestande. Media24 kon nie hierdie afswaai vryspring nie en het nie so vinnig gegroei soos verwag is nie. Netto bedryfswins voor ander wins en verliese was byvoorbeeld 10,2% laer as die vorige jaar, weens beduidende afleggings- en herstruktureringskoste. Gevolglik toon Welkom Yizani se balansstaat op 31 Maart 2009 'n Netto Batewaarde van R2,57 per Welkom Yizani gewone aandeel.

Die heersende ekonomiese resessie het dus gelei tot 'n skerp waardevermindering van die aanvanklike R10,00 per aandeel wat met die implementering van die Media24-bemagtigingstransaksie deur Welkom Yizani gewone aandeelhouers belê is.

Welkom Yizani en Naspers wil 'n transaksie implementeer wat Welkom Yizani se verpligting ten opsigte van voorkeuraandele sal verminder en sal help om waarde te skep vir Welkom Yizani gewone aandeelhouers wat aan die Media24-bemagtigingstransaksie deelgeneem het. Naspers en Welkom Yizani beoog om die transaksie soos volg te implementeer:

- Welkom Yizani moet 21 100 000 Welkom Yizani-voorkeuraandele wat tans deur Naspers gehou word, teen die SEB-herstruktureringsaflosprys van R0,001 per aandeel aflos. Om die nodige kontant te verkry om hierdie aflossing van altesaam R21 100 te finansier, sal Welkom Yizani een Welkom Yizani gewone aandeel aan 'n Swart Deelnemer uitreik
- Naspers moet afstand doen van die totale bedrag van sowat R119 000 000 aan Opgehoopte onverklaarde voorkeurdividende wat ten gunste van Naspers opgehoop is
- Welkom Yizani moet die Gewone Koers op die uitstaande voorkeuraandele in Welkom Yizani na goeddunke van die Meerderheidsvoorkeuraandeelhouer van 75% van die Prima Koers na 'n soortgelyke of laer koers verander, vanaf die SEB-herstrukturering se Implementeringsdatum
- Welkom Yizani moet die beëindigingsdatum van die Minimum Beleggingstydperk vir Aandeelhouers met twee jaar verleng, van 8 Desember 2011 na 8 Desember 2013

en dit staan gesamentlik bekend as die "SEB-herstrukturering".

Die implementering van die SEB-herstrukturering sal nie die getal aandele wat elke Welkom Yizani gewone aandeelhouer hou verminder nie, en sal nie die dividendregte van die Welkom Yizani gewone aandeelhouers raak nie.

In hierdie verband word van Welkom Yizani gewone en voorkeuraandeelhouers verwag om die volgende te doen:

- Oorweeg die voorgestelde SEB-herstrukturering wat in hierdie Omsendbrief toegelig word.
- Woon die Algemene Vergadering by wat op Dinsdag 15 Desember 2009 om 10:00 in Balsaal-Oos, Kaapstadse Internasionale Konvensiesentrum, Konvensieplein, Laer Langstraat 1, Kaapstad gehou word, waar aandeelhouers die SEB-herstrukturering moet oorweeg en goedkeur deur verskeie spesiale en gewone besluite vir die implementering van die SEB-herstrukturering aan te neem.

Indien 'n Welkom Yizani-aandeelhouer nie die Algemene Vergadering kan bywoon nie maar daarop wil stem, kan hy/sy een of meer persone as sy/haar gevolmagtigde aanstel om namens hom/haar die Algemene Vergadering by te woon en daarop te praat en/of te stem.

Welkom Yizani gewone aandeelhouers word aangeraai om geskikte onafhanklike adviseurs te raadpleeg indien daar enige twyfel is oor wat hulle met betrekking tot die inhoud van hierdie Omsendbrief moet doen.

Datum van uitreiking: **12 November 2009**

Korporatiewe adviseurs

Investec
Corporate Finance
Investec Bank Limited
(Registrasienommer 1969/004763/06)

Gesamentlike korporatiewe regs- en belastingadviseurs

Webber Wentzel

Gesamentlike korporatiewe regsadviseurs

WERKSMANS
WAARBY INGELYF IS
JAN S. DE VILLIERS

KORPORATIEWE INLIGTING MET BETREKKING TOT DIE MAATSKAPPY

Maatskappysekretaris
Lurica J Klink
Heerengracht 40
Kaapstad
8001
(Posbus 2271, Kaapstad 8000)

Direkteure van die Maatskappy
G J Gerwel
N Jansen
P O Goldhawk

Alle direkteure is nie-uitvoerende direkteure.

Geregistreerde kantoor
Welkom Yizani Beleggings Beperk
(Registrasienommer 2006/021434/06)
Heerengracht 40
Kaapstad
8001
(Posbus 2271, Kaapstad 8000)

Korporatiewe adviseurs
Investec Bank Beperk
(Registrasienommer 1969/004763/06)
Graystonrylaan 100
Sandown
Sandton
2196
(Posbus 785700, Sandton 2146)

Gesamentlike korporatiewe regsadviseurs
Werksmans waarby ingelyf is Jan S. De Villiers
18de Verdieping
Thibaultplein 1
Kaapstad
8001
(Posbus 1474, Kaapstad 8000)

Gesamentlike korporatiewe regs- en belastingadviseurs
Webber Wentzel Attorneys
Fricker Road 10 en 18
Illovo Boulevard
Johannesburg
2196
(Posbus 61771, Marshalltown 2107)

Oordragsekretaris
Link Market Services South Africa (Eiendoms) Beperk
(Registrasienommer 2000/007239/07)
16de Verdieping
Diagonalstraat 11
Johannesburg
2001
(Posbus 4844, Johannesburg 2000)
Hulplynnommer: 0860 12 12 24

INHOUDSOPGAWE

		Bladsy
Korporatiewe inligting met betrekking tot die Maatskappy		1
Omskrywings en vertolkings		3
Omsendbrief		
1.	Inleiding	7
2.	Grondrede vir die SEB-herstrukturering	7
3.	Finansiële uitwerking van die SEB-herstrukturering op Welkom Yizani	7
4.	Gewone aandelekapitaal van Welkom Yizani	8
5.	Opskortende voorwaardes	8
6.	Toestemmings	9
7.	Menings, aanbevelings en ondernemings	9
8.	Direkteure se verantwoordelikheidsverklaring	9
9.	Direkteure se belange	9
10.	Wesenlike veranderings	9
11.	Dokumente ter insae beskikbaar	9
12.	Die Algemene Vergadering	9
AANHANGSEL I	PRO FORMA – BALANSSTAAT VAN WELKOM YIZANI VOOR EN NA DIE SEB-HERSTRUKTURERING	11
AANHANGSEL II	VOORGESTELDE WYSIGINGS AAN WELKOM YIZANI SE STATUTE	12
AANHANGSEL III	VOORGESTELDE WYSIGINGS AAN WELKOM YIZANI SE AKTE VAN OPRIGTING	14
AANHANGSEL IV	VOORGESTELDE WYSIGINGS AAN DIE MEDIA24 BEHEREND AANDEELHOUERSOOREENKOMS	15
Kennisgewing van Algemene Vergadering		Aangeheg
Volmagvorm (verpersoonlik)		Aangeheg

OMSKRYWINGS EN VERTOLKINGS

Tensy anders vermeld of waar die konteks anders aandui, het die woorde in die eerste kolom regdeur hierdie Omsendbrief en die aanhangsels daarby die ooreenstemmende betekenis wat daarnaas in die tweede kolom weergegee word. Woorde in die enkelvoud sluit die meervoud in en omgekeerd, en enige verwysing na een geslag sluit die ander geslagte in.

"Akte"	die akte van oprigting van Welkom Yizani;
"Algemene Vergadering"	die gekombineerde algemene vergadering van Welkom Yizani gewone en voorkeuraandeelhouers, wat op Dinsdag 15 Desember 2009 om 10:00 gehou sal word om die SEB-herstrukturering goed te keur deur die spesiale en gewone besluite soos vervat in die aangehegte kennisgewing van Algemene Vergadering aan te neem;
"BGSEB-kodes"	die Kodes vir Goeie Praktyk oor Breedgebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtiging, soos op 9 Februarie 2007 deur die Minister van Handel en Nywerheid uitgereik kragtens artikel 9 van die BGSEB-wet;
"BGSEB-wet"	die Wet op Breedgebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtiging, No. 53 van 2003, soos van tyd tot tyd gewysig;
die "Direksie" of die "Direkteure"	die direksie van Welkom Yizani, van tyd tot tyd. Die name van die direkteure van die Maatskappy soos op die datum van hierdie Omsendbrief word op bladsy 1 van hierdie Omsendbrief uiteengesit;
"Geassosieerde"	met betrekking tot: • enige individu: – daardie individu se naaste familie; en/of – die trustees wat as sodanig optree, van enige trust waarvan die individu of die individu se naaste familie 'n begunstigde is (hetsy gevestig of diskresionêr); en/of – 'n maatskappy in wie se ekwiteitseffekte die individu of enige persoon of trust soos hierbo beoog, saam, regstreeks of onregstreeks 'n voordelige belang het, of 'n voorwaardelike, gebeurlikheids of toekomstige aanspraak het om 'n voordelige belang te verkry, en dat die individu of persoon of trust soos hierbo beoog, in staat is of by nakoming van die voorwaarde of die voorkoms van die gebeurlikheid in staat sou wees om: (i) 20% of meer van die stemme wat by algemene vergaderings oor alle of wesenlik alle sake uitgebring kan word, uit te oefen of beheer daaroor uit te oefen; of (ii) direkteure aan te stel of te verwyder wat 'n meerderheid stemregte by direksievergaderings oor alle of wesenlik alle sake kan uitbring; en/of – enige beslote korporasie waarin die individu en/of enige lid/lede van die individu se naaste familie, saam, 'n voordelige belang van 20% of meer van die ledebelang het en/of 20% of meer van die stemme wat by algemene vergaderings oor alle of wesenlik alle sake uitgebring kan word, te kan uitoefen of beheer daaroor te kan uitoefen; • enige maatskappy: – enige ander maatskappy wat sy filiaal, beheermaatskappy of filiaal van sy beheermaatskappy is; en/of – enige maatskappy wie se direkteure daaraan gewoond is om in ooreenstemming met die maatskappy se beleid of opdragte op te tree; en/of – enige maatskappy in die kapitaal waarvan sodanige maatskappy, en enige ander maatskappy soos hierbo beoog volgens hierdie komponent met betrekking tot maatskappye, saam, 'n belang het of by nakoming van 'n voorwaarde of die voorkoms van 'n gebeurlikheid 'n belang sou verkry op die wyse wat hierbo beskryf is;

"Gewone Koers"	75% soos aangepas ooreenkomstig statuut 41.20 en/of statuut 41.23 van die Statute;
"hierdie Omsendbrief"	hierdie hele dokument, met inbegrip van alle aanhangsels, die aangehegte kennisgewing van Algemene Vergadering en volmagvorm;
"JSE"	JSE Beperk (Registrasienommer 2005/022939/06), 'n openbare maatskappy met beperkte aansprreeklikheid, behoorlik geregistreer en geïnkorporeer ingevolge die Suid-Afrikaanse reg en as 'n beurs gelisensieer kragtens die Wet op Sekuriteitedienste, No. 36 van 2004, soos gewysig;
"Maatskappywet"	die Suid-Afrikaanse Maatskappywet, No. 61 van 1973, soos gewysig;
"Media24"	Media24 Beperk (Registrasienommer 1950/038385/06), 'n openbare maatskappy wat in Suid-Afrika geïnkorporeer is, en sy filiale en Geassosieerdes op die datum van hierdie Omsendbrief;
"Media24 Beherend"	Media24 Beherend (Eiendoms) Beperk (Registrasienommer 2006/021408/07), 'n private maatskappy wat in Suid-Afrika geïnkorporeer is, synde 'n entiteit met 'n beperkte doel wat spesifiek geskep is om die Media24-bemagtigingstransaksie moontlik te maak, en sy enigste bate is 96,99% van Media24 se gewone aandele;
"Media24 Beherend Aandeelhouers-ooreenkoms"	die aandeelhouersooreenkoms wat op 14 September 2006 tussen Naspers, Media24, Media24 Beherend en Welkom Yizani aangegaan is, en waarkragtens: (i) Naspers en Welkom Yizani (in hulle hoedanigheid as aandeelhouers in Media24 Beherend) hulle verwantskap as aandeelhouers van Media24 Beherend, asook hulle verwantskap inter se reguleer; en (ii) die partye sake waaroor hulle onderling ooreengekom het, wat die implementering van die Media24-bemagtigingstransaksie reguleer, aanteken;
"Media24-bemagtigingstransaksie"	die bemagtigingstransaksie aangegaan tussen Naspers, Media24, Media24 Beherend en Welkom Yizani, waarkragtens Welkom Yizani 14 600 000 gewone aandele verkry het in die uitgereikte gewone aandelekapitaal van Media24 Beherend, en welke verkryging soos volg gefinansier is: (i) 20% van die totale koopprys deur die Openbare Aanbod; en, (ii) 80% van die totale koopprys uit die inskrywingsprys wat Naspers aan Welkom Yizani betaal het vir die Welkom Yizani-voorkeuraandele;
"Media24 gewone aandele"	gewone aandele met 'n pariwaarde van R0,01 elk in die uitgereikte aandelekapitaal van Media24;
"Meerderheids-voorkeuraandeelhouer"	die Voorkeuraandeelhouer wat die meerderheid (volgens getal aandele) van die Welkom Yizani-voorkeuraandele hou, of indien daar nie een Voorkeuraandeelhouer is wat 'n meerderheid hou nie, sodanige getal Voorkeuraandeelhouers wat, as hulle gesamentlik optree, 'n meerderheid (volgens getal aandele) van die Welkom Yizani-voorkeuraandele hou, van tyd tot tyd. Die huidige Meerderheids-voorkeuraandeelhouer is Naspers;
"Minimum Beleggingstydperk vir Aandeelhouers"	'n tydperk van vyf jaar vanaf die implementeringsdatum van die Media24-bemagtigingstransaksie, wat op 8 Desember 2011 eindig; hiermee word voorgestel dat dit met twee jaar tot 8 Desember 2013 verleng word (as deel van die SEB-herstrukturering);
"Naspers"	Naspers Beperk (Registrasienommer 1925/001431/06), 'n openbare maatskappy wat in Suid-Afrika geïnkorporeer is, wie se Klas 'N' gewone aandele met 'n pariwaarde van 2 sent per aandeel op die JSE en die Londense Aandelebeurs genoteer is, en sy filiale en Geassosieerdes op die datum van hierdie Omsendbrief;
"Netto Batewaarde" of "NBW"	die somtotaal van totale bates minus totale laste van Welkom Yizani;
"Oordragsekretaris"	Link Market Services South Africa (Eiendoms) Beperk (Registrasienommer 2000/007239/07), 'n private maatskappy wat in Suid-Afrika geïnkorporeer is;

"Openbare Aanbod"	die openbare uitnodiging aan die Breë Swart Publiek om in te skryf op 14 600 000 Welkom Yizani gewone aandele, wat in November 2006 afgehandel is;
"Opgehoopte onverklaarde voorkeurdividende"	die Voorkeur Opgehoopte Dividend soos omskryf in statuut 41.1.34 van die Statute, wat ten gunste van Naspers opgehoop is maar op die SEB-herstrukturering se Implementeringsdatum onverklaar is;
"Prima Koers"	die openbaar gekwoteerde basiese rentekoers per jaar waarteen Die Standard Bank van Suid-Afrika Beperk (Registrasienommer 1962/000738/06) die prima koers kwoteer of, indien (en so lank as wat) Die Standard Bank van Suid-Afrika Beperk ophou om die prima koers te kwoteer, ABSA Bank Beperk (Registrasienommer 1986/004794/06) op ongesekureerde oortrekkings uitleen, maandeliks agterna saamgestel en volgens 'n jaarfaktor van 365 dae bereken, ongeag of die jaar 'n skrikkeljaar is of nie;
"Rand" of "R"	die Suid-Afrikaanse Rand, die amptelike geldeenheid van Suid-Afrika;
"Registrateur"	die Registrateur van Maatskappye;
"Sakedag"	'n dag wat nie 'n Saterdag, Sondag of 'n amptelike openbare vakansiedag in Suid-Afrika is nie;
"SEB"	swart ekonomiese bemagtiging;
"SEB-herstrukturering"	die transaksie wat Welkom Yizani en Naspers beoog om soos volg te implementeer: • Welkom Yizani moet 21 100 000 Welkom Yizani-voorkeuraandele wat tans deur Naspers gehou word, teen die SEB-herstruktureringsaflosprys van R0,001 per aandeel aflos. Om die nodige kontant te verkry om hierdie aflossing van altesaam R21 100 te finansier, sal Welkom Yizani een Welkom Yizani gewone aandeel aan 'n Swart Deelnemer uitreik; • Naspers moet afstand doen van die totale bedrag van sowat R119 000 000 aan Opgehoopte onverklaarde voorkeurdividende wat ten gunste van Naspers opgehoop is; • Welkom Yizani moet die Gewone Koers op die uitstaande voorkeuraandele in Welkom Yizani na goeddunke van die Meerderheidsvoorkeuraandeelhouer van 75% van die Prima Koers na 'n soortgelyke of laer koers verander, vanaf die SEB-herstrukturering se Implementeringsdatum; en • Welkom Yizani moet die beëindigingsdatum van die Minimum Beleggingstydperk vir Aandeelhouers met twee jaar verleng, van 8 Desember 2011 na 8 Desember 2013;
"SEB-herstrukturering se Implementeringsdatum"	die implementeringsdatum van die SEB-herstrukturering, naamlik die eerste Sakedag na die registrasiedatum van die spesiale besluite soos beskryf in die aangehegte kennisgewing van Algemene Vergadering;
"SEB-herstruktur erings-aflosprys"	die prys waarteen die 21 100 000 Welkom Yizani-voorkeuraandele op die SEB-herstrukturering se Implementeringsdatum deur Welkom Yizani afgelos sal word, naamlik R0,001 per aandeel, tot die totale waarde van R21 100;
"Statute"	die statute van Welkom Yizani;
"Suid-Afrika"	die Republiek van Suid-Afrika;
"Swart Deelnemers" of "Breë Swart Publiek"	afsonderlik en gesamentlik (na gelang van die konteks), Swart Mense, Swart Maatskappye en Swart Entiteite (soos hierdie terme in die Akte omskryf word), wat Welkom Yizani gewone aandele voordelig besit, of toegelaat word om Welkom Yizani gewone aandele te besit kragtens die bepalings van die Media24 Beherend Aandeelhouers-ooreenkoms en die Akte en die Statute;

"Voorkeuraandeelhouer"	met betrekking tot elke Welkom Yizani-voorkeuraandeel, die geregistreerde houer van sodanige Welkom Yizani-voorkeuraandeel van tyd tot tyd, en die huidige Voorkeuraandeelhouer is Naspers;
"Welkom Yizani" of "die Maatskappy"	Welkom Yizani Beleggings Beperk (Registrasienommer 2006/021434/06), 'n openbare maatskappy wat in Suid-Afrika geïnkorporeer is, synde 'n entiteit met 'n beperkte doel wat spesifiek geskep is om die Media24-bemagtigingstransaksie moontlik te maak;
"Welkom Yizani gewone aandele"	gewone aandele met 'n pariwaarde van R0,0000001 elk in die uitgereikte aandelekapitaal van Welkom Yizani;
"Welkom Yizani gewone aandeelhouers"	die geregistreerde en/of voordelige houers van Welkom Yizani gewone aandele;
"Welkom Yizani-voorkeuraandeelhouers"	met betrekking tot elke Welkom Yizani-voorkeuraandeel, die geregistreerde houer van sodanige Welkom Yizani-voorkeuraandeel, en die eerste Voorkeuraandeelhouer is Naspers; en
"Welkom Yizani-voorkeuraandele"	veranderlike koers, kumulatiewe aflosbare voorkeuraandele met 'n pariwaarde van R0,001 per aandeel in die uitgereikte aandelekapitaal van Welkom Yizani.

OMSENDBRIEF

1. **Inleiding**

Op 27 September 2006 het Welkom Yizani die Openbare Aanbod aangekondig toe hy 'n uitnodiging gerig het aan kwalifiserende Swart Deelnemers om vir gewone aandele in Welkom Yizani in te skryf, wat op sy beurt gewone aandele sou hou in die uitgereikte aandelekapitaal van Media24 Beherend, die beheermaatskappy van Media24.

Die Media24-bemagtigingstransaksie is gefinansier deur die opbrengs op die uitreiking van 14 600 000 gewone aandele in Welkom Yizani aan Swart Deelnemers teen R10 per gewone aandeel en die uitreiking van 58 400 000 voorkeuraandele in Welkom Yizani aan Naspers teen R10 per voorkeuraandeel te gebruik. Die Welkom Yizani-voorkeuraandele sou afgelos word na 10 jaar of sodanige verlengde tydperk wat Naspers kan toelaat, en voorkeurdividende is teen 'n koers van 75% van die Prima Koers bereken.

Welkom Yizani wil saam met Naspers die SEB-herstrukturering implementeer, wat uit die volgende transaksies bestaan:

- Welkom Yizani moet 21 100 000 Welkom Yizani-voorkeuraandele wat tans deur Naspers gehou word, teen die SEB-herstruktureringsaflosprys van R0,001 per aandeel aflos. Om die nodige kontant te verkry om hierdie aflossing van altesaam R21 100 te finansier, sal Welkom Yizani een Welkom Yizani gewone aandeel aan 'n Swart Deelnemer uitreik
- Naspers moet afstand doen van die totale bedrag van sowat R119 000 000 aan Opgehoopte onverklaarde voorkeurdividende wat ten gunste van Naspers opgehoop is
- Welkom Yizani moet die Gewone Koers op die uitstaande voorkeuraandele in Welkom Yizani na goeddunke van die Meerderheidsvoorkeuraandeelhouer van 75% van die Prima Koers na 'n soortgelyke of laer koers verander, vanaf die SEB-herstrukturering se Implementeringsdatum
- Welkom Yizani moet die beëindigingsdatum van die Minimum Beleggingstydperk vir Aandeelhouers met twee jaar verleng, van 8 Desember 2011 na 8 Desember 2013.

Die SEB-herstrukturering sal nie Media24 se SEB-eienaarskaptelkaartsyfer ten opsigte van die BGSEB-kodes nadelig beïnvloed nie.

2. **Grondrede vir die SEB-herstrukturering**

Sedert die implementering van die Media24-bemagtigingstransaksie moes Media24 moeilike handelstoestande trotseer as gevolg van die huidige ekonomiese resessie, en dit het sy finansiële prestasie geaffekteer. Gevolglik het die waarde van Welkom Yizani se belegging in Media24 Beherend gedaal tot onder die vlak waarteen die belegging aangegaan is. Die dividendvloei vanaf Media24 Beherend na Welkom Yizani het ook geblyk onvoldoende te wees om die voorkeuraandeeldividend te betaal soos oorspronklik geantisipeer.

Om Welkom Yizani se verpligting ten opsigte van voorkeuraandele te verminder en indirek waarde vir die Welkom Yizani-aandeelhouers te skep, het die direksie van Naspers besluit om vir 'n gedeeltelike vroeë aflossing van die Welkom Yizani-voorkeuraandele voorsiening te maak en afstand te doen van Naspers se reg om die Opgehoopte onverklaarde voorkeurdividende te ontvang.

Dit is 'n verdere bewys van Naspers se verbintenis om betekenisvolle ekonomiese waarde te skep vir die Swart Deelnemers wat in Welkom Yizani belê het.

3. **Finansiële uitwerking van die SEB-herstrukturering op Welkom Yizani**

Die ongeouditeerde pro forma finansiële uitwerking berus op Welkom Yizani se geouditeerde jaarresultate vir die jaar tot 31 Maart 2009. Die ongeouditeerde pro forma finansiële uitwerking van die SEB-herstrukturering is die Direkteure se verantwoordelikheid en word bloot ter illustrasie aangebied om te wys hoe die SEB-herstrukturering Welkom Yizani se finansiële posisie met ingang van die SEB-herstrukturering se Implementeringsdatum sal raak. Weens die aard daarvan sal hierdie ongeouditeerde pro forma finansiële uitwerking miskien nie 'n billike weergawe van Welkom Yizani se finansiële posisie wees nie.

Jaar geëindig 31 Maart 2009	Voor SEB-herstrukturering (sent)[1]	Na SEB-herstrukturering (sent)[2]	Verandering (%)
Per Welkom Yizani gewone aandeel			
Verdienste	(320,5)	931,9	391%
Netto Batewaarde[3]	256,9	1 195,3	365%
Getal uitgereikte aandele	14 600 000	14 600 001	0%

Aantekeninge:

1. Die inligting "Voor SEB-herstrukturering" berus op Welkom Yizani se geouditeerde resultate vir die jaar geëindig 31 Maart 2009.
2. Die inligting "Na SEB-herstrukturering" berus op die volgende aannames:
   (i) die SEB-herstrukturering is op 1 April 2008 geïmplementeer
   (ii) 'n waardedalingsverlies van R184 352 000 word erken om die waarde van Welkom Yizani se 15%-aandeelhouding in Media24 Beherend afwaarts aan te pas
   (iii) die Opgehoopte onverklaarde voorkeurdividende word ten volle afgeskryf
   (iv) om die fondse te verkry wat nodig is om die 21 100 000 Welkom Yizani-voorkeuraandele af te los, reik Welkom Yizani 1 gewone aandeel teen 'n inskrywingsprys van R22 000 uit, wat gebruik word om vir die aflossing te betaal.
3. Die NBW per gewone aandeel "Na SEB-herstrukturering" berus op die aanname dat die SEB-herstrukturering op 31 Maart 2009 geïmplementeer is.

Sien Aanhangsel 1 op bladsy 11 aan hierdie Omsendbrief vir 'n meer volledige balansstaat.

4. **Gewone aandelekapitaal van Welkom Yizani**

VOOR DIE SEB-HERSTRUKTURERING	R
Gemagtigde gewone aandelekapitaal	
30 000 000 gewone aandele van R0,0000001 elk	3
Uitgereikte gewone aandelekapitaal	
14 600 000 gewone aandele van R0,0000001 elk	1
Aandelepremie	145 999 999
Totale uitgereikte gewone aandelekapitaal	**146 000 000**

NA DIE SEB-HERSTRUKTURERING	R
Gemagtigde gewone aandelekapitaal	
30 000 000 gewone aandele van R0,0000001 elk	3
Uitgereikte gewone aandelekapitaal	
14 600 001 gewone aandele van R0,0000001 elk	1
Aandelepremie	146 021 999
Totale uitgereikte gewone aandelekapitaal	**146 022 000**

Aantekening:

Welkom Yizani sal een gewone aandeel met 'n pariwaarde van R0,0000001 vir R22 000 uitreik om die aflossing van die 21 100 000 Welkom Yizani-voorkeuraandele wat deur Naspers gehou word, teen die SEB-herstruktureringsaflosprys van R0,001 per aandeel te finansier.

5. **Opskortende voorwaardes**

Die volgende opskortende voorwaardes moet nagekom word voordat die SEB-herstrukturering geïmplementeer kan word:

- die onderskeie partye moet die wysiging aan, en hersaamstelling van, die Media24 Beherend Aandeelhouers-ooreenkoms onderteken
- die vereiste meerderheid van Welkom Yizani gewone en voorkeuraandeelhouers moet die nodige spesiale en gewone besluite, soos vervat in die kennisgewing van Algemene Vergadering, aanneem
- die spesiale besluite wat deur Welkom Yizani gewone en voorkeuraandeelhouers aangeneem word om vir die implementering van die SEB-herstrukturering voorsiening te maak, moet by die Registrateur geregistreer word.

6. **Toestemmings**

Die beleggingsbank, korporatiewe regsadviseurs, belastingadviseurs en ander deskundiges, wie se name by die Omsendbrief ingesluit is, het skriftelik ingestem om in die gemelde hoedanighede op te tree en dat hulle name by hierdie Omsendbrief ingesluit mag word, en het nie hulle toestemming voor die publikasie van hierdie Omsendbrief teruggetrek nie.

7. **Menings, aanbevelings en ondernemings**

Die Direkteure het die SEB-herstrukturering oorweeg en hulle is dit almal eens dat dit in die Welkom Yizani gewone aandeelhouers se beste belang is. Dus ondersteun die Direkteure die SEB-herstrukturering en beveel hulle aan dat Welkom Yizani-aandeelhouers ten gunste van die SEB-herstrukturering stem en die nodige spesiale en gewone besluite wat by die Algemene Vergadering voorgelê sal word, aanneem.

8. **Direkteure se verantwoordelikheidsverklaring**

Die Direkteure, wie se name op bladsy 1 van hierdie Omsendbrief verskyn, aanvaar gesamentlik en afsonderlik volle verantwoordelikheid vir die juistheid van die inligting hierin vervat en verklaar dat, na hulle beste wete en oortuiging, geen feite weggelaat is wat enige verklaring vals of misleidend sou maak nie, en dat alle redelike navrae gedoen is om sulke feite te staaf en dat hierdie Omsendbrief al die inligting bevat wat die Welkom Yizani-aandeelhouers nodig het om 'n ingeligte besluit oor die SEB-herstrukturering te kan neem.

9. **Direkteure se belange**

Een van die Direkteure, Neil Jansen, hou 430 Welkom Yizani gewone aandele, volgens dieselfde bepalings en voorwaardes as dié wat deur al die Welkom Yizani gewone aandeelhouers gehou word. Die oorblywende twee Direkteure het nie aandele in Welkom Yizani nie. Sedert die implementering van die Media24-bemagtigingstransaksie is geen geld ooit ooreengekom of betaal aan enige van die Direkteure of aan enige Geassosieerde van enige van die Direkteure om hom/haar te oorreed om 'n direkteur van Welkom Yizani te word of andersins vir dienste wat deur hom/haar aan Welkom Yizani gelewer is nie.

Neil Jansen het aangedui dat hy, as 'n houer van 430 Welkom Yizani gewone aandele, ten gunste van die implementering van die SEB-herstrukturering sal stem.

10. **Wesenlike veranderings**

Afgesien van wat in hierdie Omsendbrief bekend gemaak word, is die Direksie nie bewus van enige wesenlike veranderings in die besigheid van Welkom Yizani ná die jongste jaarresultate vir die jaar geëindig 31 Maart 2009 nie.

11. **Dokumente ter insae beskikbaar**

Afskrifte van die volgende dokumente sal vanaf Donderdag, 12 November 2009 gedurende gewone kantoorure ter insae vir Welkom Yizani-aandeelhouers by die geregistreerde kantoor van Welkom Yizani by Heerengracht 40, Kaapstad beskikbaar wees:

- die gewysigde Akte en Statute, met gemerkte veranderings
- die Akte van Oprigting en Statute van Media24 Beherend
- die gewysigde Media24 Beherend Aandeelhouers-ooreenkoms, met gemerkte veranderings
- die toestemmingsbriewe van die adviseurs
- 'n getekende afskrif van hierdie Omsendbrief, in Afrikaans en Engels.

Hierdie Omsendbrief is ook verkrygbaar by die geregistreerde kantore van die Maatskappy, of op die internet by die volgende webadres: www.welkomyizani.co.za.

12. **Die Algemene Vergadering**

By hierdie Omsendbrief aangeheg is 'n kennisgewing van Algemene Vergadering van Welkom Yizani-aandeelhouers, wat op Dinsdag, 15 Desember 2009 om 10:00 gehou sal word om die besluite soos vervat in die kennisgewing van Algemene Vergadering te oorweeg, en indien dit goedgevind word, aan te neem.

Welkom Yizani gewone en voorkeuraandeelhouers wat nie die Algemene Vergadering kan bywoon nie en daarop verteenwoordig wil word, moet die aangehegte volmagvorm invul en terugstuur aan die Oordragsekretaris, Link Market Services South Africa (Eiendoms) Beperk, 16de Verdieping, Diagonalstraat 11, Johannesburg 2001 (Posbus 4844, Johannesburg 2000), of faks na 086 674 2450, om op Vrydag, 11 Desember 2009 teen 10:00 ontvang te word.

Dit word egter sterk aanbeveel dat Welkom Yizani gewone en voorkeuraandeelhouers die Algemene Vergadering bywoon.

PRO FORMA BALANSSTAAT VAN WELKOM YIZANI – VOOR EN NA DIE SEB-HERSTRUKTURERING

	Voor SEB-herstrukturering[1] 31 Maart 2009 R'000	Na SEB-herstrukturering[2] 31 Maart 2009 R'000
Kapitaal en reserwes		
Aandelekapitaal	1	1
Aandelepremie	145 999	146 021
Opgelope wins/verlies	(108 488)	28 496
TOTALE EKWITEIT	**37 512**	**174 518**
Bates		
Belegging in Media24 Beherend	730 000	545 648
Ander bates	4 538	4 538
TOTALE BATES	**734 538**	**550 186**
Laste		
Voorkeuraandele – Kapitaal	584 000	373 000
Voorkeuraandele – Opgehoopte onverklaarde voorkeurdividende	110 358	–
Ander laste	2 668	2 668
TOTALE LASTE	**697 026**	**375 668**
Netto batewaarde per aandeel (R)	**2,57**	**11,95**

Aantekeninge:

1. Die balansstaat "Voor SEB-herstrukturering" berus op die geouditeerde jaarresultate vir die jaar geëindig 31 Maart 2009.
2. Die balansstaat "Na SEB-herstrukturering" berus op die volgende aannames:
   (i) 'n daling in die waarde van die belegging in Media24 Beherend van R730 000 000 tot R545 648 000
   (ii) die aflossing van 21 100 000 Welkom Yizani-voorkeuraandele teen die SEB-herstruktureringsaflosprys van R0,001 per aandeel
   (iii) die afstanddoening deur Naspers van alle Opgehoopte onverklaarde voorkeurdividende. Die Opgehoopte onverklaarde voorkeurdividende wat op die SEB-herstrukturering se Implementeringsdatum afgeskryf sal word, is sowat R119 000 000 (31 Maart 2009: R110 358 000)
   (iv) die uitreiking van 1 Welkom Yizani gewone aandeel aan 'n Swart Deelnemer teen 'n uitgifteprys van R22 000, wat gebruik sal word om die SEB-herstruktureringsaflosprys te betaal.
3. Die "Netto Batewaarde per aandeel" word bereken deur die Totale Ekwiteitbedrag te deel deur die getal uitstaande Welkom Yizani gewone aandele, d.w.s. 14 600 000 voor die SEB-herstrukturering en 14 600 001 na die SEB-herstrukturering.

VOORGESTELDE WYSIGINGS AAN DIE STATUTE VAN WELKOM YIZANI

VOLLEDIGE TEKS VAN WYSIGINGS VERSKYN OP WELKOM YIZANI SE WEBWERF (www.welkomyizani.co.za) EN 'N HARDE KOPIE KAN BY DIE MAATSKAPPYSEKRETARIS AANGEVRA WORD – SIEN BESONDERHEDE OP BLADSY 1. DIE ONDERSTREEPTE WOORDE IN DIE TEKS HIERONDER IS VOORGESTELDE INVOEGINGS BY DIE BETROKKE STATUTE, TERWYL DIE WOORDE WAT DEURGEHAAL IS VOORGESTELDE SKRAPPINGS IS.

1. **Gewysigde statuut 41.1.13:** "'**Final Discharge Date**' …all of the Pref Holders have received payment of the Pref Redemption Price in full (or in part, subject to article 41.3) in respect of all of their respective Preference Shares;"

2. **Gewysigde statuut 41.1.17:** "'**HoldCo Shareholders Agreement**' …shareholders agreement concluded on or about 14 September 2006, between BEECo and Naspers, as shareholders in HoldCo and to which HoldCo is also a party, as amended or restated from time to time, regulating the relationship between these parties;"

3. **Gewysigde statuut 41.1.19:** "'**Initial Net After Tax Return**' …have been paid in full (or in part, subject to article 41.3), in the absence of the occurrence…;"

4. **Gewysigde statuut 41.1.24:** "'**Material Adverse Change**' …Pref Redemption Price required to be paid to it on such redemption (subject to article 41.3)…in terms of this article 41 and the Articles (in the event that the Pref Holders have not waived their right to payment of any of the amounts set out in article 41.3)…;"

5. **Gewysigde statuut 41.1.30:** "'**Ordinary Rate**' means (i) 75% of the Prime Rate, as adjusted pursuant to article 41.20 and/or article 41.23 or (ii) such lower percentage than 75% of the Prime Rate as may be determined by the Majority Pref Holders at any time on written notice to BEECo in any financial year of BEECo, such change in rate to be effective (a) on the date of such written notice or (b) on such other date as may be specified by the Majority Pref Holders in such written notice;"

6. **Gewysigde statuut 41.1.40:** "'**Pref Ordinary Dividend**'…the aggregate of all Pref Accumulated Dividends which are undeclared and unpaid in respect of such Preference Share (subject to article 41.3);"

7. **Gewysigde statuut 41.1.44:** "'**Pref Redemption Date**' means…; or

   41.1.44.4 any other date as may be agreed in writing between the Majority Pref Holders and the Board, …;"

8. **Gewysigde statuut 41.1.52.6:** "…this shall include…any unremedied failure by BEECo timeously to declare and pay any Pref Dividend (or part thereof) which it is required to declare and pay pursuant to this article 41 (and in respect of which Pref Dividend, the Pref Holders have not waived their right to payment, in terms of article 41.3) or to pay any Pref Redemption Price on the due date therefor;"

9. **Nuwe statuut 41.3:** "Notwithstanding anything to the contrary contained herein, each of the Pref Holders is entitled, at any time, on written notice to BEECo, to waive its right(s) to the payment (in full or in part) of any Pref Accumulated Dividends, Pref Arrear Dividends and/or Pref Additional Dividends in respect of its Preference Shares."

10. **Statute 41.3 tot 41.32 se nommers moet verander na 41.4 tot 41.33, as gevolg van die invoeging van nuwe statuut 41.3 en alle daaropvolgende verwysings na die nommers van klousules word geag gevolglik gewysig te wees.**

11. **Gewysigde statuut 41.3.1.3 (nommer verander na 41.4.1.3):** "…BEECo shall (subject to article 41.7 below) declare…and pay to the Pref Holder, any Pref Arrear Dividend(s)…which may have arisen prior to such Pref Dividend Date (subject to article 41.3);"

12. **Gewysigde statuut 41.3.1.7 (nommer verander na 41.4.1.7):** "…pay the Pref Redemption Price…to the relevant Pref Holder, provided that the Pref Holder may elect, on written notice to BEECo, to receive a Pref Redemption Price in an amount which may be less than the amount of the Pref Redemption Price which is outstanding at the Pref Redemption Date as set out in the Pref Holders' written notice to BEECo). …shall in no way limit BEECo's obligation to redeem the relevant Preference Shares and to pay the Pref Redemption Price in full on such Pref Redemption Date (subject to article 41.3);"

13. **Gewysigde statuut 41.3.2 (nommer verander na 41.4.2):** "…such special dividends or Distributions shall be used on the succeeding Pref Dividend Date to pay any and all Pref Additional Dividends, Pref Arrear Dividends, Pref Accumulated Dividends and Pref Ordinary Dividends (in that order) which arise or have arisen on or prior to such Pref Dividend Date (subject to article 41.3)…declare and pay any Pref Additional Dividends, Pref Arrear Dividends, Pref Accumulated Dividends and Pref Ordinary Dividends (in this order) which may arise or be liable to be declared and paid on such succeeding Pref Dividend Date (or such part thereof as it is so able, subject to article 41.3)…;"

14. **Gewysigde statuut 41.4.2 (nommer verander na 41.5.2):** "…such Pref Arrear Dividend (subject to article 41.3) shall remain a Pref Arrear Dividend for all purposes…;"

15. **Gewysigde statuut 41.4.3 (nommer verander na 41.5.3):** "…for any reason such Pref Accumulated Dividend (or part thereof) and/or Pref Ordinary Dividend (or part thereof) is not declared and paid (subject to article 41.3)…;"

16. **Gewysigde statuut 41.5 (nommer verander na 41.6):** "…

    41.6.1 …for so long as such Pref Arrear Dividend (i) remains undeclared and/or (ii) unpaid to any extent (subject to article 41.3)…; and/or

    41.6.2 …for so long as such Pref Arrear Dividend (i) remains undeclared and/or (ii) unpaid to any extent (subject to article 41.3)…; and/or

    41.6.3 …any Preference Share is not redeemed in full in circumstances where BEECo is obliged to redeem such Preference Share in full (subject to article 41.4.1.7)…the Pref Additional Dividend shall then be declared and paid on the date on which the Preference Share is actually redeemed in full (subject to article 41.3)…"

17. **Gewysigde statuut 41.6 (nommer verander na 41.7):** "…declare as a dividend…any Pref Arrear Dividends, Pref Accumulated Dividends and Pref Additional Dividends in existence (subject to article 41.3)…"

18. **Gewysigde statuut 41.8 (nommer verander na 41.9):** "…BEECo shall not be entitled to redeem any Preference Share pursuant to this article 41.9 unless, at the intended Pref Redemption Date, all Pref Dividends…are declared and paid (subject to article 41.3)."

19. **Gewysigde statuut 41.9 (nommer verander na 41.10):** "…provided that all Pref Dividends (including any Pref Accumulated Dividends) have been declared and paid in full (subject to article 41.3)…;"

20. **Gewysigde statuut 41.11 (nommer verander na 41.12):** "…

    41.12.3 subject to article 41.3, all Pref Accumulated Dividends in respect of such Preference Share (whether declared or not), but which cannot then lawfully be declared (if not yet declared) and paid;

    41.12.4 subject to article 41.3, all Pref Arrear Dividends in respect of such Preference Share (whether declared or not), but which cannot then lawfully be declared (if not yet declared) and paid; and

    41.12.5 subject to article 41.3, all Pref Additional Dividends in respect of such Preference Share (whether declared or not), but which cannot then lawfully be declared (if not yet declared) and paid,

    …in the circumstances contemplated in article 41.16, subject to article 41.4.1.7. Nothing in this article 41.12 shall limit…BEECo's obligation to declare and pay…all Pref Dividends…which have accumulated until, or are due on, the Pref Redemption Date in respect of any Preference Share which is to be redeemed on such date, subject to article 41.3."

21. **Gewysigde statuut 41.12 (nommer verander na 41.13):** "…BEECo…unable on the Pref Redemption Date…to effect payment to the Pref Holder of the full Pref Redemption Price owing to the Pref Holder in respect of such Preference Share, subject to articles 41.3 and 41.4.1.7….provided that if on such Extended Redemption Date, BEECo does not have the profits or funds required to be able to effect payment to the Pref Holder of the full Pref Redemption Price…(subject to articles 41.3 and 41.4.1.7)…."

32. **Gewysigde statuut 41.13 (nommer verander na 41.14):** "…shall be due for performance by BEECo on the Extended Redemption Date and, for the avoidance of doubt, the Pref Redemption Price shall accordingly be determined as at such Extended Redemption Date (subject to articles 41.3 and 41.4.1.7) in accordance with article 41.12."

33. **Gewysigde statuut 41.17 (nommer verander na 41.18):** "…BEECo shall discharge the Pref Redemption Price…and/or shall pay all Pref Dividends and other amounts due to such Pref Holder, subject to articles 41.3 and 41.4.1.7…."

34. **Gewysigde statuut 41.19 (nommer verander na 41.20):** "

    41.20.1 subject to article 41.4.1.7, the Pref Redemption Price; and

    41.20.2 subject to article 41.3, any Pref Dividend (whether or not then due or required to be declared and paid)…"

VOORGESTELDE WYSIGINGS AAN DIE AKTE VAN OPRIGTING VAN WELKOM YIZANI

VOLLEDIGE TEKS VAN WYSIGINGS VERSKYN OP WELKOM YIZANI SE WEBWERF (www.welkomyizani.co.za) EN 'N HARDE KOPIE KAN BY DIE MAATSKAPPYSEKRETARIS AANGEVRA WORD – SIEN BESONDERHEDE OP BLADSY 1. DIE ONDERSTREEPTE WOORDE IN DIE TEKS HIERONDER IS VOORGESTELDE INVOEGINGS BY DIE BETROKKE PARAGRAWE, TERWYL DIE WOORDE WAT DEURGEHAAL IS VOORGESTELDE SKRAPPINGS IS.

1. **Wysiging aan paragraaf 53 (Annexe "A"):** "'**Shareholder Minimum Investment Period**' …the 7~~5~~-year period commencing on the Implementation Date and concluding on the 7~~5~~th-year anniversary of the Implementation Date;"
2. **Wysiging aan paragraaf 54 (Annexe "A"):** "'**Shareholders Agreement**' …the shareholders agreement entered into ~~or about to be entered into~~ between Naspers, Media24, HoldCo and the Company on 14 September 2006, as amended or restated from time to time,…;"

VOORGESTELDE WYSIGINGS AAN DIE MEDIA24 BEHEREND AANDEELHOUERSOOREENKOMS

'N HARDE KOPIE MET DIE VOLLEDIGE TEKS VAN WYSIGINGS KAN BY DIE MAATSKAPPYSEKRETARIS AANGEVRA WORD – SIEN BESONDERHEDE OP BLADSY 1. DIE ONDERSTREEPTE WOORDE IN DIE TEKS HIERONDER IS VOORGESTELDE INVOEGINGS BY DIE BETROKKE KLOUSULES, TERWYL DIE WOORDE WAT DEURGEHAAL IS VOORGESTELDE SKRAPPINGS IS.

1. **Gewysigde klousule 1.1.2:** "'**the/this Agreement**' …this shareholders agreement, being an amendment to, and restatement of, the Shareholders Agreement,…;"
2. **Gewysigde klousule 1.1.16:** "'**BEECo Shareholder Minimum Investment Period**' the 75-year period commencing on the Implementation Date and concluding on the 75th anniversary of the Implementation Date;"
3. **Gewysigde klousule 1.1.30:** "'**Effective Date**' the date on which the ~~S~~suspensive ~~C~~conditions to the Shareholders Agreement were~~has been~~ fulfilled or waived, as the case may be;"
4. **Nuwe klousule 1.1.57:** "'**Shareholders Agreement**' …the shareholders agreement entered into between Naspers, Media24, HoldCo and BEECo on 14 September 2006, as amended and restated by this Agreement;"
5. **Klousules 1.1.57 en 1.1.58 se nommers moet verander na onderskeidelik 1.1.58 en 1.1.59, as gevolg van die invoeging van nuwe klousule 1.1.57.**
6. **Skrapping van klousule 1.1.59:** "'~~**Suspensive Conditions**' the suspensive conditions referred to in clause 3.1 of this Agreement;~~"
7. **Gewysigde klousule 1.1.62:** "'**Transaction Documents**' ...the Shareholders Agreement…"
8. **Nuwe klousule 2.5:** "The Parties hereby record that this Agreement is being entered into in order to make certain amendments to the Shareholders Agreement. The Shareholders Agreement has been and will remain in full force and effect from 14 September 2006 until the Signature Date of this Agreement. It is further recorded that from the Signature Date, the Shareholders Agreement will be cancelled in its entirety and that this Agreement shall supersede and replace in its entirety the Shareholders Agreement and no Party shall have any claim against the other Parties arising from the cancellation of the Shareholders Agreement."
9. **Skrapping van klousule 3: (Suspensive Conditions).**
10. **Klousules 4 tot 31 se nommers moet verander na 3 tot 30, as gevolg van die skrapping van klousule 3, en alle daaropvolgende verwysings na die nommers van klousules word geag gevolglik gewysig te wees.**
11. **Gewysigde klousule 4.1 (nommer verander na 3.1):** "…commence on the Signature~~Effective~~ Date…."
12. **Gewysigde klousule 31.9 (nommer verander na 30.9):** "…non-exclusive jurisdiction of the Western Cape High Court~~ of South Africa~~, Cape Town~~Provincial Division…~~."